

Sing vooraf staande: Psalm 44:7, 9 (p. 226)

- 7 Geen afgod het ons hart bekoor nie, / ons voet ook nie u pad verloor nie;
tog kwyn ons in 'n woeste plek / waar diepe donker ons oordek.
Het ons Gods Naam dan ooit vergeet? / Tot afgodsdien ons ooit begewe?
Sou God, wat harte ken, nie weet / en speur wat binne-in ons lewe?
- 9 Waar skuil die lig wat eers gestraal het, / wat van u aanskyn neergedaal het?
Waarom vergeet U ons ellend, / ons onderdrukking sonder end?
Die moed is min, die gees is dof; / ons vlees kleef aan die aarde^onmagtig.
Staan op en hef ons uit die stof, / wees aan u goedheid weer gedagtig!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 99:1, 2 (p. 492)

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die géruubs woon;
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde^oen al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 2 God wat help in nood, / is in Sion groot; / al die volkemag / niks by Hom geag!
Hoog gedug 's sy Naam. / Laat hul almal saam / lofsing tot sy ere! / Heilig is die HERE!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 119:12, 13 (p. 589)

- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;
u belofte^oaan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe^oin my gemoed
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.
- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyf.
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

Gebed

Psalm 38:1, 3, 17 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde^oen sondeskuld.
- 3 Niks is aan my sonder wond nie, / niks gesond nie, / om u grimmigheid, o HEER!
Om my ongeregtighede / is geen vrede / in my beend're immermeer.
- 17 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Skriflesing: 1 Konings 16:29-17:7

Kernverse: 1 Konings 17:1

Elia die Tisbiet was 'n bywoner uit Gilead. Hy het vir Agab gesê: “So seker as die Here leef, die God van Israel in wie se diens ek staan, daar sal die volgende paar jaar geen dou of reën val nie, behalwe as ek so sê.”

(1 Konings 17:1 AFR83)

Tema: Waarheen met en waarvoor verootmoedig ons onself voor die Here?

Geliefde broer, suster en kind van ons hemelse Vader en Jesus Christus, dit is onmoontlik om jou oë en ore vir die huidige toestand in ons land toe te druk. Geweld en misdaad is nie iets wat net met ander mense gebeur nie. Moord, roof en verkragting raak ons almal. As onself nog nie daaronder deurgeloop het nie, is daar waarskynlik van ons familie of vriende wat dit beleef het. Ons almal ken iemand wat al deurgeloop het onder die hande van booswigte. En vandag verootmoedig ons onself saam met die ander kerke van die Here, soos ons verlede Sondag afgekondig het. Ons verootmoedig ons omdat ons besef dat die toenemende geweld en misdaad in ons land as 'n groot beproewing ervaar word waarvan die druk oral in die kerke gevoel word.

Ons verstaan hierdie oproep tot verootmoediging alte goed. Ons weet hoe erg die vlaag van geweld en misdaad in ons land is. Daar gaan nie een dag om waarop daar nie gemoor word nie. Elke dag word daar geroof. Elke liewe dag word 'n vrou verkrag en 'n kind mishandel. Baie van ons bid al lankal dat daar vrede moet kom. Ons bid dat die owerheid hulle verantwoordelikheid moet nakom. Ons skud ons kop in verontwaardiging as daar van die owerheid se kant af gesê word dat misdaad aan die afneem is. En as ons hoor die kerk word opgeroep om haar te verootmoedig in die lig van die misdaad, wil ons dit graag verstaan as 'n biddag vir vrede. Mense wil vandag op hulle knieë neerval, hulle arms omhoog hou en met 'n harde stem uitroep: Ag Here, ons God, gee tog uitkoms! Gee vir ons vrede en kalmte in ons land!

Maar, geliefdes, is dit regtig wat verootmoediging beteken? 'n Dag van verootmoediging is tog nie 'n markdag waarop ons met ons lyste vol versoeke tot God nader en Hom smeek: Here, gee vir ons vrede, gee vir ons voorspoed, gee vir ons ..., nie. 'n Dag van verootmoediging gaan tog oor berou en smart en nie omdat ons swaarkry nie, nie omdat ons 'n verlies aan inkomste en vryheid het nie, maar oor ons sonde. 'n Dag van verootmoediging gaan oor berou en bekering, terugkeer na God. Dit gaan oor die erkenning van God se plek in ons lewens. Daarom bid ons vandag nie in die eerste plek vir vrede nie. Miskien bid ons vandag eerder vir erger geweld en misdaad.

Nege honderd jaar voor die koms van Christus het koning Agab oor Israel regeer. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, meer as al sy voorgangers. Dat Agab voortgegaan het met die onheilige diens waarmee Jerobeam begin het, was die minste wat die Here vertoorn het. Net kortliks: Jerobeam het kalwerbeelde in Bet-El en Dan opgerig en vir die volk gesê:

Hier is nou die beelde van julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek het.

(1 Konings 13:28 AFR83)

Agab het voortgegaan met hierdie onheilige diens in plaas daarvan om die volk na die Here toe terug te lei. En om die Here nog meer te tart het Agab met Isebel, die dogter van die heidense koning Etbaäl, getrou. Isebel was 'n fanatiese dienaar van die afgod Baäl. En in plaas daarvan dat Agab sy vrou van die Here geleer het, het hy hom deur haar laat verlei om ook 'n dienaar van Baäl te word. Hy bou 'n tempel vir Baäl en rig 'n altaar op waarop offers vir Baäl gebring is. Langs of in die plek van die kalwerdiens kom daar nou 'n volledige afgodery. Agab het die Here geterg.

Baäl was vir Agab en sy volgelingen die god van aardse vrugbaarheid. Volgens hulle het Baäl die natuurkragte, die reën, goeie oeste en stoflike voorspoed beheer. In kort gesê: Baäl was die god wat ekonomiese, sosiale en politieke welvaart vir die mens verseker het. En saam met Baäl is ook Astarte, die vroulike afgod van vrugbaarheid, gedien. 'n Afgodediens wat uiting gevind het in ongebonde seksuele misdrywe.

Israel het in hierdie volslae afgodery agter hulle koning aan verval. Dit was nie maar sommer net 'n kortstondige verdwalery nie. Diens aan Baäl was die nasionale godsdiens van Israel onder Agab se regering.

Israel het egter nie opgehou om die Here te dien nie. Agab en sy volk het voortgegaan om die Here op Jerobeam se onheilige manier te dien. Dus het Agab en die volk nie daardie definitiewe keuse gemaak tussen die Here en Baäl nie. Vir hulle moes die Here en Baäl langs mekaar vereer word. En hier ontmasker die Woord van God 'n praktyk wat nie net in die dae van Elia die volk van God bedreig het nie, maar 'n praktyk wat tot vandag toe die kerk tot in haar siel bedreig. God en die wêreld, God en die menslike wysheid en vermoëns, God en die mens se plesier en welvaart word saamgevoeg om 'n gedrog van 'n godsdiens tot stand te bring. So word ongeveinsde afgodery bedryf onder die dekmantel dat die Here darem ook nog gedien word.

In Israel se lewe het Baäl sy plekkie gehad. Hy is vereer en gedien omdat hy sou sorg vir die aardse voorspoed, die reën en die oeste. En die Here het ook sy plekkie gekry. Hy is vereer en gedien omdat Hy sou sorg vir die geestelike voorspoed – genade. In plaas daarvan om of vir die Here of vir Baäl te kies, los Israel die probleem op deur die Here en Baäl saam te dien en te aanbid.

Geliefdes, dit was die toestand van Israel se godsdiens in die dae van Agab. God se verbondsvolk het die onvoorwaardelike liefde van die Here gebuig en verwring soos dit hulle pas. In plaas daarvan om die Here hulle God met hulle hele hart, hulle hele siel, hulle hele verstand en al hulle kragte lief te hê en te dien, het hulle die diens aan die Here verdeel tussen Hom en hulle afgod Baäl. Die Here moet maar saam met Baäl en Astarte in die ry kom staan en sien watter deel van die mens se lewe Hy kan kry.

In hierdie gedrog van 'n godsdiens en verwronge lewe van God se volk, laat die Here Hom geld. Daar is 'n krisis op hande. Die volk moet uit hulle blindheid kom al is dit op 'n harde manier. Broers, susters en kinders, wanneer die Here Hom laat geld, sien ons steeds sy genade. Hy is die getroue Verbondsgod wat nie sy handewerk sommer maar laat vaar nie. Hy los sy volk nie maar om op hulle afdraande pad voort te gaan nie. Ter wille van sy verbond sal Hy hulle tot op die grond op hulle knieë dwing as dit nodig is om die oorblyfsel van sy volk behoue te laat bly.

Hierdie optrede van God kom ongevraagd en sonder waarskuwing. Doodluiters het koning Agab en die volk aangegaan met hulle mengelmoes godsdiens en toe skielik ... daar staan Elia met die Woord van God op sy lippe. Elia word nie bekendgestel nie. Daar word niks oor sy afkoms of van sy geslagsregister gesê nie. Hy, die draer van God se Woord, verskyn net skielik en die woorde slaan soos die eerste weerligstrale van die naderende storm:

So seker as die Here leef, die God van Israel in wie se diens ek staan ...

(1 Konings 17:1 AFR83).

Soos 'n vlymskerp swaard deur die lug swiep, slaan die woorde deur die lug om Agab en die volk deur hulle ore tot in hulle harte oop te kloof. Met die intrapslag word die koning en die volk voor die probleem gestel wat hulle op 'n onheilige wyse probeer omseil het. Israel kan nie die Here en die Baäl as God hê nie. Die Here alleen is die God van Israel. Die Here die Almagtige alleen is God van die kerk. Daar kan in ons godsdiens nie so iets bestaan soos God en die wêreld, of God en my eie kragte en vermoëns, of God hier vir 'n uur of twee van die week en die res van die week gaan dit oor my plesier en welvaart nie. Die Here alleen is God oor alles en almal.

Op die vraag oor wie waarlik God is, die Here of Baäl, sou later wel duidelik en beslissend geantwoord word op die berg Karmel. Daar sou die volk beslis moes kies toe Elia gesê het:

Hoe lank hou julle aan met hink op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hóm; maar as dit Baäl is, volg hóm. (1 Konings 18:21 AFR83)

Geliefdes, oor hierdie saak moet ons vandag vir onself ook duidelikheid kry. In ons verootmoediging moet ons ondersoek instel. Is die Here die lewende God regtig die kern van ons lewe? Vertrou ons Hom ten volle vir ons hele bestaan? Of staan Hy ook maar by ons in die ry om te sien watter deel van ons lewe Hy gaan kry? Laat ons ophou om op twee gedagtes te hink. Dit is óf die Here met alles wat

ons is en het, óf ons dien Hom glad en geheel nie. Die Here ons God is 'n jaloerse God wat ons hele lewe met niks en niemand anders sal deel nie. Hy wil ons hele lewe hê en klaar.

Daarom kan en mag die sonde en die sondige natuur van die mens nie goedgepraat word nie. Ons kan nie maar net sê: Ja, die Woord van die Here is waar en reg; en in dieselfde asem sê ons: Ons bly nou maar eenmaal sondaars wat ook hierdie vermaning van God sal vergeet, nie. Tussen die kerk en die sonde kan daar nie 'n verbastering plaasvind nie. Die skeidslyn word duidelik getrek: So waar as wat die Here leef, die God van Israel, Hy alleen is God en Here.

Elia bring die Woord van die Here sonder om te huiwer. Hy praat nie mooi woordjies wat strelend vir die koning se ore is nie. Hy staan immers nie in die diens van 'n mens nie. Hy staan in die diens van die God van Israel. Daarom is die woord van hierdie enige lewende God hard en onverdraaglik in die ore van die sondaar wat in sy sonde volhard:

Daar sal die volgende paar jaar geen dou of reën val nie, behalwe as ek so sê.

(1 Konings 17:1 AFR83)

Juis die terrein wat Israel in hulle blindheid en eiewilligheid aan die Baäl en die Astarte toegesê het, is die terrein waarop die Here hulle met sy toorn gaan tref. Hulle het gemeen die Here het niks met hulle stoflike welvaart te doen nie. Nou sal die Here hulle wys dat Hy oor alles in die mens se lewe 'n sê het, ook oor die reën.

Die dag as vrede en 'n einde aan misdaad vir die kerk van die Here die geleentheid geword het sodat elkeen maar weer rustig met sy eie dingetjies besig kan bly, het daar 'n bittere dag aangebreek. As 'n gehoorsame regering en 'n betroubare polisiemag die waarborg vir ons voortbestaan geword het in plaas van die koninkryk en die wil van God, moet die misdaad maar voortduur. As sport ons god geword het om eenheid in ons land te vestig in plaas van gehoorsaamheid aan die Here se Woord, is dit beter as die Here alles maar wegvat op die manier wat Hy gekies het. As dit dan al manier gaan wees om ons uit ons blindheid los te ruk, moet Hy dit eerder doen en gou ook.

Geliefdes, die droogte wat Elia aangekondig het, was nie 'n natuurfrats nie. Dit was die vervulling van God se Woord wat Hy reeds in die tyd van Moses gespreek het. Luister hoe sê die Here dit in Deuteronomium 28:

As jy nie luister na die Here jou God nie en jy gehoorsaam nie al sy gebooe en voorskrifte nie ... die hemel bo jou sal brons word en die aarde onder jou yster. Die Here sal stof en roet in jou land laat reën.

(Deuteronomium 28:15, 23-24 AFR83).

In die droogte wat Elia aangekondig het, het God sy Woord vervul. En agter hierdie Woord staan 'n biddende profeet. Elia het gebid dat God Israel se blindheid moet wegneem. Hy het gebid dat daar bekering by die volk sal kom. Deur dit van die Here te smee het Elia gebid vir droogte wat drie jaar en ses maande lank geduur het. Want Elia het gebid ooreenkomstig God se Woord en wil.

Geliefde gemeente, waarvoor verootmoedig ons onself vandag? Waarvoor buig ons laag in aanbidding voor die Here? Vir die einde van misdaad en 'n regering wat regtig die swaard gebruik wat die Here aan hom toevertrou het? Dit is nie verkeerd om daarvoor te bid nie. Die Here hou immers die hele wêreld in sy hand, ook ons regering. Maar as ons dan vir vrede en die einde van geweld bid, bid ons ter wille van die Woord van God ... ter wille van God se Koninkryk ... ter wille van sy heilige Naam en ter wille daarvan dat ons aan nog mense Jesus Christus kan verkondig? Bid ons dat God geheilig, geëer en gedien mag word? Of bid ons ter wille van onself, omdat ons nie nog 'n rooftog of 'n verkragting kan deurstaan nie?

Die vraag waarmee die Here in hierdie Skrifdeel voor ons staan, is dit: Waarom verootmoedig jy jou voor My, mensekind? As ons die Here dan antwoord: Here, ons verootmoedig ons ter wille van u Naam, u Woord, u koninkryk en die bloed van Christus, u Seun ... dan moet ons dít weet: Die Here

gaan op ons bekering wag. Dit is tog waarom die Here Israel getref het met 'n drie jaar lange droogte. Hulle moes hulle bekeer en erken dat die Here alleen God is.

Maar as Israel hulle nie bekeer nie, sal die tugtiging eenvoudig voortgaan. Geen dou of reën sal val nie, behalwe as Elia so sê. Alleen wanneer die Here ons God alles is, oral en altyd, dan alleen is daar lewensversekering. Slegs wanneer ons opnuut erken dat God die sentrum van heel ons lewe is, dan eers het die verootmoediging gelei tot waar dit bestem is. Eers toe Israel op die berg Karmel erken het dat die Here God is, het daar uitkoms gekom. Toe eers het Elia gebid vir reën en die Here het dit gegee.

Broers, susters en kinders, het ons nou reeds, terwyl sommige van ons nog nie erg deur die geweld en misdaad getref is nie, die les uit ons nood geleer? As ons nog nie geleer het, as ons nog nie God se sentrale plek in ons lewens erken het nie, dan het ons onself nog nie begin bekeer nie, dan bid ons vandag nie vir uitkoms nie maar miskien vir 'n erger beproewing.

Geliefdes, ons ken die pad terug na die Here toe. Dit is die pad waarop die Heilige Gees ons lei, langs die weg van die Woord van God tot by Jesus Christus. Jesus is die enigste weg tot voor die aangesig van God. Dit is immers in Jesus Christus dat ons sien hoe graag God wil hê dat mense hulle tot Hom sal bekeer. Hy het ons en die wêreld so lief dat Hy sy enigste Seun vir ons aan die kruis geoffer het. Dit het God gedoen, want Hy wil hê dat ons aanhoudend sal besef dat Hy die heel belangrikste in ons lewens is. Kom ons keer terug na die Here toe met ons hele hart en siel en al ons kragte. Wie weet of Hy nie hierdie ramp van ons sal wegneem nie.

Maar dit is nie net ons wat ons moet bekeer nie. Daarom, laat ons bid vir vrede en rustigheid, laat ons bid vir die regering van ons land om die swaard te gebruik wat God aan hulle toevertrou het sodat ons in kalmte en vrede ook die ander mense tot bekering en geloof in Jesus Christus kan oproep. Hierdie land behoort immers aan die Here en nie aan Satan nie. Laat ons in die geloof daarop beslag lê vir die Here deur mense na Hom toe te lei. Mag die Heilige Gees ons lei en regeer op hierdie weg terug na God toe – ons enigste, lewende Here. Laat die Heilige Gees ons lei om ons aan die Here te onderwerp. Dan het ons onself opreg en gelowig voor God verootmoedig.

Amen!

Slotgebed

Psalm 130:3, 4 (p. 636)

- 3 Soos een wat op die mure / as wagter uitgestel,
gedurig deur die ure / met sy gedagte tel –
so wag my siel, en sterker, / gedurig op die HEER,
tot Hy, die Ligbewerker, / die nag in daagraad keer.
- 4 Hoop, Isr'el in jou klagte; / vertrou, o volk, wat treur;
sy guns verduur die nagte, / sy heil breek eind'lik deur.
Dan skyn 'n soete vrede: / gans Israel word vry
van ongeregtighede. / HEER, doen ook so aan my!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 September 2013